**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF?*
*Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set
hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

**JAARGANG XVII** — **WOENSDAG 9 MEI 1962** — **Nr. 4**

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# ALABAMA OP TOER

**In 'n onderhoud met mnr. Naas Raubenheimer is daar besondere interessanthede verkry in verband met die toer wat deur Alabama in die vooruitsig gestel word. Die toergeselskap sal na Suidwes-Afrika gaan waar al die grootste dorpe besoek sal word.**

Twee plekke waarby die studente besoek sal aflê wat van die mooiste in die gebied is, is die Visrivier Canyon asook die Etosha Wildtuin.

Alabama het verlede jaar die vorm van 'n musiekblyspel aangeneem en op hierdie vorm word daar vanjaar voortgebou. Vanjaar word die opvoer van 'n operette in die vooruitsig gestel wat 'n aspek van die studentelewe sal uitbeeld.



*Foto: Fotokuns.*
*Mnr. Nesco du Toit Skrywer van „Agge nee Bettie".*


Die titel van die operette is „Ag nee Bettie" waar die hooffiguur Bettie is. Sy staan heeltemal skepties teenoor die teenoorgestelde geslag maar loop tog haar rieme styf. Wat eintlik uitgebeeld word hier is die verhouding wat daar behoort te bestaan tussen mans en dames.

Een van die persone waarom die hele spil draai is mnr. Nesco du Toit, 'n gewese lid van Alabama. Hy is die skrywer van „Ag nee Bettie".

In die Operette kom daar ook ballet voor maar sal uitgevoer word in 'n lang rok en kaalvoet. Dit stel 'n droomtoneel voor waar die man die meisie sien.

Die toergroep is reeds gekies en die kwaliteit van die persone is baie goed. Jan Boneschans, 'n ou veteraan sal ook die toer meemaak.

# Nuwe Dierkunde-Laboratorium



# Vreugdedag vol belofte

**Mnr. Louw van Wyk, voorsitter van die Vreugdedagkomitee, verklaar dat hierdie dag vanjaar werklik vreugde aan publiek en studente gaan verskaf.**

Benewens die eerste prys, 'n gratis vliegrit na die Federasie, word 'n tweede prys van twintig Rand en 'n derde prys van tien Rand uitgeloof aan die persoon of persone wat die meeste geld met hulle kollektelyste insamel.

Die eerste drie persone wat hulle motors aanbied om tydens Vreugdedag as miniatuurvlotte te dien, soos verlede jaar deur mnr. Jan Boneschans gedoen is, sal vier Rand vergoeding ontvang. Die eienaars word verwag om self die motor te dekoreer.

## Boeresport

'n Groot boeresportbyeenkoms sal Vrydagaand 11 Mei agter die Chemielaboratorium aangebied word. Geleentheid sal daar gebied word om vark en hoender te vang, om donkie te ry en enigiets te doen wat die moeite werd is om te doen.

Saterdagoggend is die groot geleentheid wanneer die gewone prosedure van beoordeling van vlotte, optog en kollekteerdery sal plaasvind.

Die dag word gesellig afgesluit met 'n interete by die Oude Molen, waar daar ook 'n vol program aangebied word.

# Wysgere vergader

'n Baie interessante lesing is verlede Woensdagaand deur mnr. W. D. Pienaar van die departement Sielkunde voor die Wysgerige Vereniging gelewer. Mnr. Pienaar het gepraat oor die waarde en betekenis van die antropologie van Dooyeweerd in die Sielkunde. Hy het aangetoon dat Dooyeweerd geen definitiewe uitgewerkte siening oor die Sielkunde het nie, maar dat hy slegs die grondlyne vir die Sielkundiges neergelê het en dat die veld nog ooplê vir die Sielkundiges op die terrein.

# Thalia val Wes-Transvaal binne

Gedurende die wintervakansie wat aanstaande is, toer die Thalia Toneelvereniging met die blyspel „Die Vonkel in haar oë", deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland.

Repetisies is 'n geruime tyd reeds aan die gang onder regie van mej. Stegmann van die Onderwyskollege.

## Hoofrol

Mej. Lydia Strydom wat verlede jaar reeds haar staal as toneelspeler getoon het, vertolk die hoofrol van die weduwee, Klara Breytenbach. Gregoire Aucamp en Johan Pepler speel mederolle terwyl belowende nuwelinge Willem Coetzee en Arrie de Beer is. Een damesrol is nog nie gevul nie en die bestuur wag aansoeke vir hierdie vakature in.

Die stuk speel af in die huidige tyd in die Noordweste. Die sersant wat poog om wilddiewe te vang, word byna deur die weduwee gevang, en in elk geval deur sy kaptein terwyl hy sonder broek sit! 'n Gekweste gemsbok het die skade aangerig en die weduwee is besig om die geskeurde broek te herstel.

Die twee seuns probeer ten alle koste om hulle ma te verhinder om met die sersant te trou en interessante gesprekke volg.

Haar seun, Dawie, raak verlief op sy kleinniggie, maar wil dit nie wys nie. As konstabel Lotz egter openlik by haar begin vlerksleep, kan hy sy gevoelens nie langer verberg nie. Om die intrige nog interessanter te maak, begin sy broer Bêrend ook agter die meisie aanloop.



*Foto: Fotokuns.*
*Mej. Lydia Strydom*

Die stuk bevat baie kostelike situasies, volop humor en fyn spot.

„Die Vonkel in haar Oë" is 'n puik toneelstuk en Thalia stel dit ten doel om aan die stuk reg te laat geskied. Wat veral lofwaardig is, is dat die toneelvereniging vanjaar vir die eerste keer in agt jaar gebruik maak van 'n Afrikaanse skrywer. Dr. Gerhard Beukes is 'n bekende Afrikaanse skrywer en dit strek Thalia tot eer dat hulle na eie bodem teruggekeer het.

Die toer begin op 27 Junie te Krugersdorp. Die groep toer dan deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland, 'n toergebied wat laas in 1956 deur Alabama besoek is. Die einde van die toer breek op 20 Julie op Kimberley aan.

**ONS ONDERSTEUN U!**
Ons werk as amptelike fotograaf van DIE WAPAD verrig ons gratis!
**ONDERSTEUN U ONS?!**
Ons gee kwaliteit!
Ons gee diens!
Ons gee gratis vriendelike bediening!
**FOTOKUNS**
**Tomstraat 82 – Telefoon 3185**
**sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt**

# Hubert du Plessis voor groot gehoor

'n Baie interessante klavieruitvoering is onlangs deur die Collegium Musicum in samewerking met die Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek in die Konservatoriumsaal aangebied. By die geleentheid het mnr. Hubert du Plessis opgetree in 'n uitvoering van sy eie musiek.

Die werke wat hy gespeel het, kan in drie groepe verdeel word en dit stem ooreen met die fases van ontwikkeling wat hy as komponis deurgegaan het, nl. vier klavierstukke opus 11 4 minuette opus 3 en sewe preludes opus 18. Mnr. Du Plessis het eers elke werk ontleed en dit daarna uitgevoer.

Hy beskryf sy werk as Neo-Romanties en maak effektief gebruik van die tegniek van komposisie met die twaalftoonleer.



*Hubert du Plessis, bekende Suid-Afrikaanse komponis.* *Foto: Fotokuns.*

## Hokkie-Veterane

Uit die anale van die Manshokkieklub blyk dit dat hierdie klub oor 'n paar veterane beskik wat al 'n goeie aantal wedstryde vir die eerste span gespeel het.

Christie Coetzee en Gert Snyman, albei oud-kapteins van die klub, het sedert 1957 en 1958 onderskeidelik reeds die honderdtal voltooi. Daarna volg die huidige kaptein, Jan Aas, met 38, Roger Stotesbury (30), Matie Rossouw (28) en Jakkals Reinecke (24).


### Rekord

Piet van Wyk, wat die span in 1955 aangevoer het, het in 'n tydperk van twaalf jaar wat hy die Puk in hierdie sportsoort verteenwoordig het ongeveer *200* eersteligawedstryde gespeel!

Die sportredaksie sal graag van ander klubs verneem hoe dit met hulle veterane staan.

## Studentehandboek

Die Studentehandboekeksamen is vanjaar met groter sukses deur die Seniorstudente afgelê, het mnr. Piet Bingle, konvenor van die handboekkomitee in 'n onderhoud aan ons verslaggewer gesê. Die uitslae wat die seniors betref kan teen Vrydag verwag word. Groot getalle eerstejaars het ook die eksamen afgelê maar daar is nog nie begin om hulle vraestelle te merk nie. Na verwagting sal hulle uitslae teen die einde van Mei beskikbaar wees.



*Mnr. P. W. Bingle*

## Pukkie-verkope groot sukses

Die redaksie van die Pukkie het verlede Saterdag een van die grootste verspreidingsveldtogte van sy soort van stapel gestuur. Ongeveer twaalf dorpe is met behulp van busse, motors en selfs 'n trein binne geval. Op hierdie manier is 'n groot aantal van die twintigduisend Pukkies wat vanjaar gedruk is verkoop.


# Suid-Afrikaanse Spoorweë Vakatures vir

**werktuigkundige, siviele, elektrotegniese en sinjaalingenieurs, metaalkundiges en bestekopmakers.**

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied talle aantreklike loopbane met uitstekende vooruitsigte aan persone wat vir aanstelling in die bogenoemde beroepe gekwalifiseer is.

**Aanvangsalaris:**

Assistent-ingenieur ... ... ... R1,899 p.j.
Bestekopmaker wat die graadkursus voltooi het ... ... R1,899 p.j.
Bestekopmaker wat die diplomakursus voltooi het R1,773 p.j.
Metaalkundige ... ... ... ... R1,773 p.j.

Daar bestaan ook vakatures vir gegradueerdes wat opgelei wil word as administratiewe amptenare. Sodanige kandidate word as klerke teen die volgende aanvangsalarisse in diens geneem:

**Aanvangsalaris:**

Indien in besit van:
(i) 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis R1,344 p.j.
(ii) 'n honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat daar aan die vereistes vir die teoretiese gedeelte van die magistergraad voldoen is), of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis ... ... ... R1,488 p.j.
(iii) 'n magistergraad ... ... R1,632 p.j.
(iv) 'n doktorsgraad ... ... ... R1,776 p.j.

Inligting oor diensvoorwaardes, ens. kan van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Kamer 38, Johannesburg, verkry word. Aansoeke om indiensneming moet aan dieselfde adres of aan die Afdelingsbestuurder, Kaapstad, Kimberley, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Durban, Johannesburg, Pretoria of Windhoek gerig word.

# DOEN DIT VANDAG!


## APOLOGIE

*Die redaksie van DIE WAPAD wens hiermee berouvol verskoning aan te teken by die firma FOTOKUNS vir die plasing van fotos sonder erkenning.*

*Dit was 'n organisatoriese foutjie wat tussen die redaksie en die drukker deurgeglip het.*

*Ons dank aan FOTOKUNS vir sy stiptelike diens as amptelike fotograaf van DIE WAPAD.*


## INSLEEP

Dames en Here.
Kom besoek die

**Afrikanerkafee**

Ons is altyd tot u diens. Kom geniet 'n glas vars melk, 5 sent per pint.

**ONDERSTEUN**

**ONS**

**ADVERTEERDERS**



*Mnr. Bert Geyser, voorsitter van die seminaar oor administratiewe outomatisasie, aan die woord.*

# Seminaar oor administratiewe outomatisasie

Op Woensdag 2 Mei is daar in die Totiusgedenksaal van die P.U. vir C.H.O. 'n baie suksesvolle seminaar oor Administratiewe Outomatisasie gehou. Dit is aangebied deur die Departement Kosteberekening in samewerking met die Potchefstroomse Kamer van Koophandel, van wie die gedagte uitgegaan het, en Burroughs Machines Limited.

Die seminaar het gestaan onder voorsitterskap van mnr. Bert Geyser, die voorsitter van die Potchefstroomse Kamer van Koophandel, en is bygewoon deur 150 sakemanne uit Wes-Transvaal en elders.

Die verrigtinge het om 3 nm. begin en is deurgaans gekenmerk deur kort maar interessante referate. Na die opening deur die Rektor van die Universiteit, prof. dr. J. Chr. Coetzee, en 'n woord van welkom deur prof. D. J. Viljoen, dekaan van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe, is die inleiding gelewer deur mnr. F. P. Viljoen, 'n lektor aan die P.U. Hy het gewys op „Die Belangrikheid van Administratiewe Outomatisasie".

Daarna het die bekende dr. A. J. E. Sorgdrager 'n referaat gelewer oor „Die vooruitgang van A.O. Oorsee en die implikasies daarvan vir Suid-Afrika".

Die volgende twee sprekers was mnre. H. Knothe en M. J. Maartens, albei verbonde aan Burroughs. Mnr. Knothe het o.a. gesê die belangrikste voordeel van gemeganiseerde kosteberekening is die feit dat: „. . . . they provide accountants with the ability to report up-to-date and useful information to manegement".

Om 5.30 het die seminaar verdaag vir ete by die Potchefstroomse Buiteklub. Hier het as sprekers opgetree mnr. A. Keller, Vise-President van Ascom en mnr. O'Sullivan, die takbestuurder van Burroughs in Johannesburg.

Die aandsessie is ingelei met 'n referaat oor „Die beginsels van Masjienbenutting" deur dr. Sorgdrager. Hierin het hy op oortuigende wyse die „Potchefstroomse gedagte" gestel wat in skerpe teenstelling gestaan het met die referaat van mnr. Maartens wat Anglo-Saksies georiënteerd was.

Die volgende op die program was 'n filmvertoning oor Elektroniese Rekenkundige tegnieke. Die Seminaar is daarna afgesluit met die demonstreer van 'n aantal Elektroniese Rekenkunde masjiene. Hierdie masjiene het 'n totale waarde van nagenoeg R40,000 gehad en is spesiaal vir die geleentheid deur Burroughs beskikbaar gestel.

Die Departement Kosteberekening van die P.U. kan voorwaar trots wees op hierdie Seminaar. Die organisasie was puik en die verrigtinge het van die begin tot die einde vlot verloop. Mag hierdie Seminaar die eerste van baie soortgelykes wees.

# Ekonomiese vereniging op toer

*Die Ekonomiese Vereniging van die P.U. het die afgelope vakansie geskiedenis gemaak deur die eerste fakultêre toer van sy soort na Durban en omliggende gebiede te organiseer. Die gedagte van so 'n toer het reeds verlede Oktober ontstaan by die lede van die bestuur om 'n toer vir studente van die vereniging te reël om hulle in staat te stel om sekere ekonomiese instellings te besoek.*

Op veertien April het daar dan ook 'n groep van 30 Pukke en Pote met die Pukbus na Durban vertrek. As reisvader het opgetree dr. F. J. du Plessis, as toerleier Naas Raubenheimer en as toerleidster Bets Meyer. Dr. Du Plessis het dit aan die groep gestel dat die primêre doel van die toer ontspanning is en sekondêr leersaam. 'n Baie goeie gees het dan ook geheers op Isipingo, waar die groep uitgekamp het en is „lekker om die kampvuur gekuier en liedjies gesing."

Baie interessant was ook die industrieë wat die groep besoek het. Die belangrikste hier is die Dunlop bande maatskappy waar aan hulle getoon is hoe bande van die grondstowwe vervaardig word sowel as die smelting en die brei van die rubber. By die United Tobacco Company is aan hulle getoon hoe sigarette vervaardig word asook die pakkies waarin die sigarette verkoop word. Verder moet ook gemeld word die besoek aan die Pendennis Castle en die Indiërfeeste.

'n Baie aangename toer wat nie een van die toerlede gou sal vergeet nie en met verwagting word daar uitgesien na die volgende toer wat die bestuur in die oog het.



*Foto: Fotokuns.*
*Mnr. J. J. de Jager*

## A.S.B. Afvaardiging

Op 'n bestuursvergadering van die A.S.B. gehou op Donderdag 3 Mei is die afgevaardigdes en waarnemers gekies na die komende kongres wat vanaf 2—7 Julie te Stellenbosch gehou word.

Die P.U.-afvaardiging bestaan uit die volgende persone:
Id. van der Walt (leier).
J. S. du Plooy.
J. J. de Jager (S.R.-verteenwoordiger).
C. J. H. Venter.
P. P. Kruger.
F. J. van Deventer.

As waarnemers tree die volgende persone op:
Erina van der Walt (namens S.R.).
J. C. van der Walt (namens S.R.).
M. Aucamp.
F. du Plessis.

Mnr. D. A. S. Herbst is aangewys om die kongresreferaat namens die P.U. vir C.H.O. te lewer.

# Belangrikheid van seminaar oor Administratiewe outomatisasie

Die moderne universiteit is nie alleen 'n plek waar deskundiges vir die samelewing opgelei word nie: hy is ook die bron van inspirasie tot vooruitgang op allerlei gebiede. Dat hierdie stelling juis is, blyk uit die feit dat die mynwese en nyweraars mildelike skenkings tot die universiteite doen. Hulle besef dat sonder sulke ondersteuning, hierdie setels van die hoër onderwys nie daartoe in staat sal wees om die nodige opgeleide mannekrag, besiel met idealisme, te lewer nie.

Onder moderne omstandighede word daar dus nouer verbintenisse tussen die universiteite en sakewêreld geskep: hulle word al hoe meer afhanklik van mekaar. En juis hierin lê die belangrikheid van die Seminaar oor Administratiewe Outomatisasie wat aan die begin van Meimaand aan die Potchefstroomse Universiteit gehou is. By hierdie geleentheid het die studente van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en sakelui uit Wes-Transvaal en elders bymekaar gekom om van mekaar iets te leer.

Die studente het gebaat, nie alleen deur hul aanraking met die sakelui nie, maar het kennis gemaak met die sakeman se praktiese probleme en sy benadering tot hul oplossing. Die klem. let wel, het hier op die praktiese, in teenstelling met die teoretiese, geval.

Op hul beurt weer, het die sakelui in aanraking gekom met die leiers van die navorsing in die Fakulteit. Uit die aard van die saak moet die universiteit die teorie beklemtoon, want die uitbreiding van die akademiese kennis baan gewoonlik die pad tot vooruitgang op die praktiese gebied.

Albei die groepe het dus voordeel uit die Seminaar geput.

En wat van die Universiteit as instelling? Vir hom lê die belangrikheid van die Seminaar in die feit dat dit hom die geleentheid gebied het om die waarde van sy werk regstreeks aan lede van die publiek oor te dra en aldus 'n gevoel van waardering en wedersydse afhanklikheid te skep wat hom in die toekoms slegs ten goede sal strek.

## KULUTUIN

Mej. Rina Swanepoel is Maandagaand 30 April tydens 'n koshuisvergadering van De Klerkhuis deur die dames tot mev. Bosman verkies. Die hoofdame mej. Erina van der Walt het aan mej. Swanepoel verduidelik dat haar amp die bewerking van die grond tussen Kulu en die Lettie du Plessis inhou. Voorstelle soos die aanplant van blomme, die bou van 'n rotstuin en wensfonteintjie, is deur die dames ingedien, maar uit betroubare bron word verneem dat mej. Swanepoel grasperke in die gedagte het.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi wintermateriaal
★
Nomotta-wol in voorraad

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BEPERK
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497
Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

**Wes-Transvaalse**

## SPORT-WINKEL

Kerkstraat 85

enigste
verskaffer
van

Offisiële
Kleure

**SUPERETTE**
**Tomstraat 100**
**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**Fleurette Bloemiste**

Sleep in by:

*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**A J A X**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

**Lucille**
die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp.

**Onthou 3091**
Skakel hierdie nommer
vir
**diens!**

**DIE BULT APTEEK**
**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

die Wapad

# Voeg bymekaar...

Dit is goed in enige gemeenskap dat die klem val op die plaaslike belange. Dit moet so wees omdat die hele kosmos in verskeidenheid geskape is en omdat ook in ons groepering aan verskillende universiteite hierdie verskeidenheid na vore kom.

Die universele aspek moet egter nie heeltemal uit die oog verloor word nie, en dit is daarom goed dat op die regte tyd ook „bymekaar gevoeg sal word wat uit innerlike aard bymekaar hoort".

So 'n geleentheid vind ons in die A.S.B.-kongres wat vanjaar weer op Stellenbosch plaasvind tydens die Julievakansie. Die hoofklem val hier sekerlik op die *kongres* as sodanig waar afgevaardigdes van alle A.S.B.-sentra byeenkom om hulle te besin oor die saak en belange van die Afrikanerstudent en om die belange van daardie student te behartig en te bevorder.

Dit is egter baie belangrik dat elke student wat die naam *Afrikaner* dra, hom ook sal besin oor die kunsfees van die A.S.B. wat met die kongres saamval. Hier word die geleentheid aan A.S.B.-lede wat nie direk met die kongres self gemoeid is nie gebied om die kultuurtaak van die A.S.B. te materialiseer in die praktyk.

En nou is dit jammer dat so min van ons studente hierdie geleentheid aangryp om op egte Afrikanerwyse kennis te maak met hulle bure en in die gees waarin die Afrikaner uitblink, met sy mede-studente te kompeteer op gebied van die kuns en kultuur. Hoofsaaklik met hierdie doel voor oë is die kongres verskuif na die Julie-vakansie. Sodoende word aan elke universiteit die geleentheid gebied om daarin te deel.

Dit is ook goed om daarop te wys dat die deelnemers aan die kunsfees genoegsame geleentheid het om die samesprekings wat in die kongressaal plaasvind, by te woon en sodoende hulleself voor te berei om standpunt in te neem wanneer diegene wat die Afrikanerstudent nie goedgesind is nie dit van hulle eis.

Laat die P.U. vir C.H.O., wat in hierdie opsig nog altyd 'n leier was, ook vanjaar in hierdie opsig sy plek volstaan.

# Studente en Politiek

Studente en die beoefening van die wetenskap was die afgelope week weer vol in die internasionale soeklig en in die vuur van internasionale politiek. Weer eens was die tema die strewe na die welwillendheid en die vriendskap van die Afrikastate.

In 'n redaksionele artikel skryf Die Transvaler die volgende: „Tanganjika, die jongste onafhanklike swart staat wat voortdurend voorgehou word as die gematigde onder Afrika se nuwe nasies, het die Federasie van Rhodesië en Njassaland 'n klap in die gesig gegee. Volgens 'n berig gister (Donderdag) het die Federasie beurse aangebied aan studente van Tanganjika om in die Federasie te studeer. Tanganjika het verklaar dat hy gedagtig aan die betrekkinge tussen die Federale regering en die Bantoevolke die aanbod verwerp."

Hierdie stap van die regering van Tanganjika het Die Transvaler onmiddellik tereg gaan vertolk as 'n politieke gebaar. Die Transvaler vervolg dan ook deur te sê: „Wat egter van veel groter belang is, is die feit dat die sg. gematigde Tanganjika die Federasie oor presies dieselfde kam skeer as die Republiek van Suid-Afrika. Hy wil nie met een van die twee normale vriendskaplike betrekkinge handhaaf nie".

Ten slotte vra Die Transvaler: „Is dit dan te veel gevra dat Afrika geken sal word vir wat hy is, naamlik 'n adolessente ekstremis wat nog moet leer om volwasse te word?"



**Dit is die snit wat tel . . .**

★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1
Potchefstroom

# In U Lig

*„Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het." — Matth. 28 : 5—6.*

Met Kersfees is Christus gebore en het die beloftes van die Ou Testament in vervulling gegaan. 'n Nuwe dag het aangebreek! Daarmee begin ook die vernedering van Christus. Sy lyde, wat sou deurloop tot die kruisiging en die weglê in die graf. Só begin Sy vernedering.

Op Paasfees — drie dae na Sy dood en begrafnis — begin die verhoging van Christus. Christus het die dood oorwin en as opgewekte vaar Hy op na Sy Vader in die hemel.

Vroeg, op die eerste dag van die week, net nadat die Sabbat verby is, gaan Maria Magdalena en die ander Maria na die graf. Hulle wou nog die liggaam van hulle Here gaan salf, maar moes wag totdat die Sabbat verby is. Die laaste eer moes hulle nog aan die Gestorwene bewys.

By die graf is daar 'n geweldige aardbewing en die steen voor die opening word deur 'n engel weggerol. Die Romeinse wagte was soos dooies vanweë hulle vrees vir die engel met sy gedaante verblindend soos weerlig en sy kleed wit soos sneeu!

Ook die vroue was bevrees, maar heeltemal om 'n ander rede!

Die graf is leeg. Christus is nie hier nie! Het hulle Hom nie dalk gesteel nie?

„Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is."

Hulle soek Jesus wat gekruisig is! Het hulle dan vergeet dat daar in die Ou Testament geprofeteer is dat Hy na drie dae sal opstaan? Trouens Christus het dit self ook aan hulle geopenbaar.

Maar vir hulle, en ook baie van Jesus se volgelinge, was dit die einde — hulle het bly staan by die kruis.

Dan spreek die engel tot hulle en sê dat Christus opgestaan het! Hy maak dit aan hulle bekend. Deur die leë grafkelder word dit bevestig. Christus bewys dit ook self deur Sy verskyninge aan Sy volgelinge.

Christus roep tot ons by Sy geopende graf om ook ons eie te sien. „Bly hier graf, ek gaan verder. My Verlosser lewe!"

Saam met Christus het ons gesterwe, maar ons word ook vernuut, saam met Hom opgewek.

Die dood was nog altyd oorsaak van vrees en benoudheid by die mens. Nou het Christus die dood oorwin en is dit ook 'n sekere teken en pand van ons salige opstanding aan die einde van die dae!

Stéfanus, wat met 'n gelaat, stralend soos die van 'n engel, kan getuig teenoor diegene wat gereed staan om hom te stenig: „Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan!"

## Opgewek

Christus is opgewek en daarom is ons geloof nie tevergeefs nie. Christus is die eersteling van die ontslapenes, die eersteling van die opstanding!

Soos alle mense in Adam sterf deur die sonde, só word almal wat in Christus deur 'n ware geloof ingelyf is, weer lewend!

Die dood is verslind in die oorwinning!

Daarom moet ook ons lewenswandel, hier waar ons besig is met ons studies, getuig dat Christus ook opgewek is. Want as die kruis en die graf die laaste woord gespreek het, dan sou ons tereg kon sê: „Laat ons eet en drink en vrolik wees want môre sterf ons!"

Maar Christus het die dood oorwin! Die dood sal finaal oorwin en vernietig word op die oordeelsdag!

Dat ons sal lewe uit die geloof in die opstanding — die opstandingsgeloof wat nou geword het *opstandingsaanskouing!*

J. S. du Plooy.

# REDAKSIE

Hoofredakteur .... .... .... Idyll van der Walt

Asst. Redakteur .... .... Leon Croesêr

Inter-universitêr .... .... Frik van Deventer

Nuusredakteur .... .... .... Marius Aucamp

Sportredakteur .... .... .... Tonie Richards

Variaredakteur .... .... .... Johan Serfontein

Sekretaresse .... .... .... .... Francoise Coetzee

Penningmeester .. .... .... Francois de Villiers.

# Dames neem afskeid van Huismoeder

Maandagaand 30 April het die dames van die onderskeie koshuise by wyse van 'n spesiale ete van die huismoeder, mej. M. J. Crause, afskeid geneem.

Die huisvader, mnr. C. P. van der Walt, het die verwelkomings waargeneem en vervolgens die rektor, professor J. C. Coetzee aan die woord gestel. Hy het mej. Crause aangeprys vir die bekwame wyse waarop sy haar van haar taak gekwyt het en sy teleurstelling uitgespreek dat sy haar amp weens gesondheidsredes moes neerlê.

Die hoofdame, mej. Alta de Kock, het mej. Crause namens die dames bedank vir die leiding en hul waardering uitgespreek. 'n Reistas is as geskenk aan haar oorhandig.

Mej. Crause het die dames bedank vir die mooi gees van samewerking wat daar geheers het. Sy het ook die rektor, registrateur, die huisvader en matrones bedank vir al die hulp en bystand wat sy ontvang het die afgelope drie jaar.

Mev. Heslinga, die nuwe huismoeder is tydens die geleentheid aan die dames voorgestel en hartlik deur mnr. C. P. van der Walt verwelkom.



*Mej. Crause, tweede van links in die voorste ry, saam met die matrones van die dameskoshuise.*



*Foto: Fotokuns.*
*Mej. B. Geertsema*

## Redenaarskompetisie

Die jaarlikse Wolnit-redenaarskompetisie het verlede Saterdagaand in die Totiusgedenksaal plaasgevind. Agt sprekers het sake uitgespook voor 'n geringe aantal studente en drie beoordelaars nl. dr. T. T. Cloete, prof. D. J. Viljoen en mnr. Pretorius van die Wolnit-maatskappy. Die eerste plek is verower deur mej. Barbara Geertsema wat gepraat het oor die onderwerp: „Republiekwording is 'n waarborg vir die voortbestaan van die blanke Christelike beskawing in Suid-Afrika". Sy het dan ook die eerste prys van R25 verower. Die tweede plek is gevul deur mnr. G. P. Aucamp, terwyl die derde plek aan mnr. D. A. S. Herbst toegeken is.

## Pukke vaar nie goed op Dalrymple

Die P.U.-atletiekspan het nie te goed gevaar op die onlangs gehoue Dalrymple-byeenkoms te Grahamstad nie. Die mans moes tevrede wees met 'n sesde plek, terwyl die dames derde geëindig het. Tukkies en Stellenbosch het die onderskeie afdelings gewen.

Goeie prestasies is gelewer deur Hentie Joubert, kaptein van die P.U.-klub, Willem Coetzee, Pietman Botha en mej. M. van Aswegen, wat almal tweede en derde plekke verower het.



*Foto: Fotokuns.*
*Hentie Joubert*

# Biblioteek koop Gutenbergbybel

Die Ferdinand Postma-Biblioteek het onlangs 'n faksimilee-uitgawe van die beroemde Gutenbergbybel teen 'n prys van R500 aangekoop. Hierdie Gutenbergbybel is deur Johan Gutenberg in Mainz gedruk en word beskou as die eerste groot en geslaagde drukwerk wat ooit met letters gedoen is.

Bibliofiele beskou hierdie eerste groot drukwerk vandag nog as een van die mooiste wat ooit gedoen is. Hoofletters aan die begin van paragrawe en opskrifte is nie gedruk nie maar agterna met die hand geteken en ingekleur deur sg. rebrikators.

Die faksimilee-uitgawe van ons biblioteek het in 1961 verskyn en is die eerste dergelike uitgawe in die V.S.A. en slegs die tweede in die wêreld. Hierdie reproduksie berus op twee kopieë wat in Duitse biblioteke bewaar word en wat deur kenners beskou word as die mooiste kopieë wat vandag bestaan.



*Foto: Fotokuns.*

*Prof. H. C. van Rooy vertoon die Gutenbergbybel.*

## Damestennisspan dalk nie na toernooi

Daar bestaan 'n moontlikheid dat slegs 'n mansspan gedurende die wintervakansie aan die interuniversitêre tenniskampioenskappe sal deelneem.

Drie van die vyf gereelde speelsters van die dames se eerste span is nie beskikbaar vir die toernooi nie. Dit sal baie jammer wees as hierdie toer vir die dames deur die mat val, want die ondervinding wat op so 'n toernooi opgedoen word, is van onskatbare waarde, veral vir die paar belowende speelsters waaroor die Puk vanjaar beskik.

**Joubert Meubels**
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames — Kom besigtig ons groot reeks.

# Gratis vliegrit vir beste Kollektant

*Die Studenteraad het besluit om 'n aantreklike gratis vliegrit na die Rhodesiës met 'n agt dae vakansie aldaar toe te ken aan die persoon wat die meeste geld insamel vir die bou van die nuwe ontspanningssaal.*

In 'n onderhoud aan ons verslaggewer het mnr. C. J. H. van der Walt, organiseerder van die Studenteraad, besonderhede hieromtrent verstrek. Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan 'n ontspanningsaal waar diegene wat deelneem aan binnemuurse sportsoorte, aan Thalia en Alabama- opvoerings, aan programvergaderings van die onderliggame van die Studenteraad, kan byeenkom. Lank reeds voldoen die Totiusgedenksaal nie meer aan al die behoeftes van ons studentelewe nie.

Die vakansie hou in 'n Viscount-vlug van Jan Smuts-lughawe na Bulawayo en daarvandaan na Livingstone; 'n dagtoer langs die oewers van die Zambesi, 'n bootrit na Palmeiland om die wilde diere van die Zambesi te besigtig en 'n uitstappie na die Victoriawaterval. Verder sal Salisbury en die Karibameer besoek word. Verdere aankondigings van bykomstighede in die vorm van o.a. films, reistasse, klere ens. sal later gedoen word.

Hier is 'n kans vir alle Pukke om 'n gratis vakansie te verdien. U sal geleentheid gegun word om tot na die Julievakansie geld in te samel.



*Foto: Fotokuns.*
*Mnr. Cassie van der Walt*

## Volkekundige voor A.S.B.

Mnr. J. Henning van die Departement Volkekunde en Naturelle-Administrasie het op Maandagaand die 23e April 'n A.S.B.-vergadering toegespreek waarin hy gespreek het oor die Bantoe-tuislande. Hierna is alles geïllustreer deur die vertoning van verskillende rolprente wat die belangstelling van almal geniet het en wat besonder leersaam was.

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."*
*Besoek:*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
*Allerlei*
★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN KOEJAWELSAP
in bottels en blikkies
**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

# Warm uit die oond op die Campus

Na 'n lang tyd wat ons Campus-klompie uitmekaar was (ek bedoel die vakansie) is ons almal (blykbaar) veilig terug vir nog 'n akademiese sessie tot Vreugdedag. Dus is die vakansie eintlik baie lank, want wie begin dan ook nou werk voor Vreugdedag — behalwe aan die vlotte? Dan is die Julievakansie ook al so naby soos 'n pikswart parlement in Rhodesië. Buitendien is 'n mens al so 'n senuwrak oor blou-briewe (of te wel ou-geriewe) dat daar vir swot omtrent dieselfde belangstelling is as wat 'n kat vir koshuiskos sal hê.

As al hierdie bg. faktore in ag geneem word, dan is dit duidelik dat daar omtrent nie in die administrasie gebou van 'n akademiese jaar gepraat word; want op die Campus word daar net gepraat van die tyd wat ons op Potch. is of die tyd wat ons by die huis is. Buitendien wissel ons akademiese woekeringe tussen twee tydperke omtrent soveel as wat „mystery-balls" en saagsels verskil. Daar is dus geen verskil. Dit is seker daarom dat akademie by die studente so gewild is soos polisie in Sharpville.

Nou as die akademie gepraat: dit laat my aan ander dinge soos kyste, dink. Jammer dat dit ook nog moet inbreek maak op 'n mens se akademie, maar nouja, 'n mens is ook nie elke dag mooi en jonk gelyk nie.

'n Kys wat eintlik nie meer so jonk en mooi is nie, is die een van *Marietjie Lessing en Johan van Tonder (Pta Nor)*. Dan is *Hennie van der Merwe* net so knaend by Klawerhof se voordeur te sien om vir *Grietjie Malan* die aande te help korter maak.

*Gregoire Aucamp* stel baie belang in die Goudstadse onderwyserskollege, maar eintlik ook net vir sover dit *Susan Buchling* betref. Afstand is vir Gregoire se hart so gering soos die maan vir ouens wat nie sleep nie.

'n Knaap wat ook skielik uit sy dop gekruip het is *Tabbie Scholtz* wat in die kys verbind is met *Cora Nel* (Klawerhof).

*Paul Kruger* het blyk baie van „side-lines" want op die afgelope J.V.-kongres het hy ook sommer ou vriendskapsbande hernu.

*Pieter de Klerk* het ook besluit dat hy en *Minnie Styger* te veel in mekaar se geselskap gesien word en het gevolglik besluit om maar te kys. Hoe groot die gevolge is besef hy nou eers.

*Rika de Lange en Hennie van Aswegen* word ook heel dikwels by mekaar gesien terwyl *Ginger van Aswegen* blykbaar sy geluk nou op Gimmies gevind het.

*Andries Mulder en Emsie Pretorius* het 'n wedersydse belangstelling ontwikkel aangesien die winter glo aan die kom is.

Die volgende paartjies is in die tussentyd getroud:


*Jan Stemmet—Tienie Vorster.*
*H. B. van der Walt—Ina Venter.*
*Hennie van der Walt—Gerrie Fivaz.*

Nouja dan sê ek maar totsiens tot 'n volgende keer. Moenie uitstel tot môre wat jy vandag deur 'n ander kan laat doen nie.

Onze Oom Lokomotief.

## Tennisspelers dring deur

Groot verwagtinge word gekoester van Dawie du Plessis, kaptein van die P.U.-tennisklub, in die Wes-Transvaal-tenniskampioenskappe wat tans beslis word. Hy het maklik deurgedring na die tweede ronde en sy spel kan vergelyk word met die beste wat in die eerste ronde gesien is.



*Pieter van der Walt*

Ander spelers wat na die tweede ronde deurgedring het, is Pieter van der Walt, Bobos Vorster en Gerrit Scholtemeijer.



*Mnr. Dawie du Plessis*

## Tennisspan lewendig

'n Mans- en damesspan van die Tennisklub het aan die begin van April kragte gemeet met die span van Leeukop naby Johannesburg.

'n Sterk wind het die spel bemoeilik, maar nogtans kon die mans onder leiding van kaptein Dawie du Plessis in die dubbelspel 'n goeie oorwinning oor die tuisspan behaal.

Die dames was minder gelukkig teen hulle sterk teenstanders en moes die onderspit delf.

Gedurende die wintervakansie sal die Puk deelneem aan die inter-universitêre kampioenskappe wat vanjaar by die Universiteit van Natal plaasvind.

## 0-19 versus Weermag

Die „Army Boys" was een te veel vir die akademiese mense en het 19—0 gewen. Die Puk se agterlyn het maar eina vertoon. Piet Willemse het uitgeblink onder die voorspelers, en hy en sy gesante het die weermagmense met rukke opdraend gegee.

# Dirigente Herkies





„Hier kom die Pukkies weer . ."

*Foto: Fotokuns.*

## Ope brief aan UKOVS AANDAG ALLE KOVSIES

As daar mense is wat ek bejammer, dan is dit julle. Die rede?

(i) Julle weer sonder rasieleier is en van ou Ewie Cronje gebruik moet maak. Adviseer hom dat vis uitstekende breinkos is en datas hy eigsens teen die Puk se dirigente hondhaaraf wil maak vanjaar, hy vir die volgende aantal maande elke oggend 'n walvis vir brekvis moet injaag.

(ii) Julle nie met die singery kan regkom nie — dit sal vanjaar daar op julle kant van die paviljoen seker maar weer gaan of daar 'n klomp geilsiek ganse in 'n hamermeule beland het.

(iii) Die NUL weer vanjaar agter jul Karkoelkloof Universiteit se naam gaan spook. Ongelukkig kan ek nie ons eerste span oorreed kry om minder as agt-en-dertig punte aan te teken nie.

(iv) Ek nie weer vanjaar voor Intervarsity daar sal wees om die gees daar hoog te hou nie — ek sal vanjaar baie versigtig loop om nie weer onnodig lank aan julle „Universiteit" te vertoef nie.



*Frik van Deventer*

Na jare gaan ons vanjaar na Bloemfontein wel wetende wie gaan wen, beide op die veld en op die paviljoen. Ons het die materiaal om op alle terreine van mededinging met Intervarsity die waardige oorwinnaars te wees. Laat ons slaggereed raak. Oefen die spel, kom sing met sing-songs. Laat ons heerlik Intervarsity hou.

Hans van Zijl.

## Dirigente herkies

Die A.B.K.K. het op 'n onlangse gehoue vergadering mnr. Hans van Zyl en Frikkie van Deventer herkies as hoof- en hulpdirigent onderskeidelik. Dit sal die vierde agtereenvolgende jaar wees dat mnr. Van Zyl die Pukke op die paviljoen voorgaan.

## 0-19 B versus Sasol

Die harde fabriekseuns het ons eie seuns 9—0 getrap in 'n wedstryd wat nie veel opgelewer het nie. In die eerste helfte is al Sasol se punte aangeteken, want in die tweede helfte was die Pukkies op hulle stukke. Gert Lindeque en Hennie van Aswegen het veral die oog gevang.

satisfaksie na die aksie




DIE GEROOSTERDE SIGARET IN DIE SWAAI-TOP DOSIE
ONGEKURK EN FILTER

Rugbydag op Dominium Reefs

# PUKKE KLOP WEER 'N KROONSTAD SPAN

**Die Puk se eerste rugbyspan het voorverlede Saterdag tydens 'n rugbydag op Dominium Reefs daarin geslaag om die span van Kroonstad Collegians met 35 punte teenoor vyftien die loef af te steek. 'n Tyd gelede is die ander Kroonstadspan, Wanderers, ook deur die lemoentruie kafgedraf.**

Die held van die dag was beslis Koos du Plooy, wat oral op die veld was en veertien van sy span se punte aangeteken het. Herman Venter, Koos Hattingh en Piet Steynberg het hard gewerk in die lynstane, maar ook lekker in die los rondgehardloop. Onder die agterspelers het Piet van der Schyff en Smous van der Westhuizen die oog gevang.

### Hanteerwerk

Die Puk se hanteerwerk sal moet opgeknap word, maar die ontwrigte agterlyn is besig om mooi reg te ruk en puik rugby gaan nog vanjaar van hierdie manne gesien word.

Puk se punte is aangeteken deur Koos du Plooy ('n drie, 'n skepskop en vier vervyfskoppe), Herman Venter (twee drieë), Pottie Potgieter, Piet Bingle, Piet van der Schyff en Smous van der Westhuizen (een drie elk) en 'n skepskop van Tjaart Steyn. Fourie, kaptein van Collegians, het al sy span se punte met strafskoppe behaal.



*Piet van der Schyff*

## KORFBALKLUB VERSTERK

Die eerste ligawedstryd van die Korfbalklub vind op 12 Mei plaas, maar die klub het intussen reeds etlike vriendskaplike wedstryde agter die rug.

'n Belangrike wedstryd waarin die sterkte van die span getoets is, was die teen Normaal waarin die Pukke die aftog moes blaas met 46—24. Met die nodige afrigting en oefening kan die klub egter nog puik ontwikkel.

### Belowend

Die korfbalklub moes slegs twee van verlede jaar se staatmakers, Blanje Combrink en Corrie Steyn, afstaan, maar is versterk deur 'n aantal belowende eerstejaars soos Cecile van Molendorff, Hannie Smit en die De Kock-tweeling.

Johanna Pretorius, Susan Kruger en Bettie Bingle is uitgenooi na die Wes-Transvaal-proewe wat op Klerksdorp plaasgevind het. Johanna Pretorius is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig.

## NAVY SPEEL PUIK RUGBY

Navy het op die rugbydag te Dominium Reefs puik rugby gespeel en die tuisspan, Dominium Reefs, met 16—5 op die baadjie gegee.

Die agterspelers het 'n hegte eenheid gevorm en was net een te veel vir hulle teenstanders. Onder die voorspelers kan moeilik uitgesonder word, maar tog moet die name van Johan Scholtz, Jan Ackerman en Rudi Silvis genoem word. Heelagter Andries Coetzer het 'n netjiese spel gespeel, maar sal moet leer om minder by sy agterlyn aan te sluit.

Punte is behaal deur Ackerman (twee drieë), Heystek en Rossouw (een drie elk), terwyl Hans van Zyl en Coetzer elk met 'n vervyfskop geslaag het.

## TUKKIES BOBAAS

*In 'n Tafeltenniswedstryd teen Tukkies in Pretoria, moes die Pukke die aftog blaas met 'n telling van 1—9. Die enigste Pukspeler wat daarin kon slaag om 'n wedstryd in te palm was die kaptein, Faan Oosthuizen.*

*Geen spanne van die P.U. sal vanjaar aan die interuniversitêre tafeltenniskampioenskappe deelneem nie.*

## Tekkies versus Western Reefs

In 'n wedstryd wat veral onder voorspelers uitgeveeg is, het Puk gelykop gespeel teen Western Reefs met 6 elk. Puk se punte het gekom van 'n strafskop en 'n skepskop albei deur Du Preez. Briers, op agtsteman het goed vertoon en behoort bevorder te word. In die agterlyn het Fanie van Wyk goed vertoon.

## FIRES VERSUS WESTERN

Fires het hulle onoorwonne rekord voortgesit en Western Reefs 21—11 geklop. Voor en agterspelers het goed saamgespeel en was net te veel vir hulle teenstanders. Andries Coetzer (kaptein) van Fires het goed uitgeblink en self twee drieë gedruk asook twee vervyfskoppe en 'n strafskop oorgeklits. Manie Marais en Klaas Heystek, die senterpaar, het goed gekombineer en goed vertoon. Onder die voorspelers het veral Jan Kruger en Chris Putter die oog gevang.

# Hokkiespan moet sokkies optrek

*Die eerste Manshokkiespan het tot dusver slegs een wedstryd gewen uit die vyf ligawedstryde wat afgehandel is. Weens beserings en persone wat hulle op die laaste nippertjie aan die sportsoort onttrek het, vind hierdie klub dit moeilik om die mas op te kom.*

Die enigste wedstryd wat tot dusver gewen is, is dié teen Viljoenskroon waarin die Pukke met 2—1 koning gekraai het. In die wedstryde teen Goldfields (0—4), Strathvaal (4—5), Normaal (0—2) en Lichtenburg (0—4) moes hulle egter die aftog blaas.

As al die beskikbare hokkiespelers van eerstespangehalte egter die spel wil ondersteun, sal ons hokkiemanne nie so noustrop trek nie. Dit is egter ook nodig dat die huidige spelers behoorlik fiks kom.

### Liga-wenners?

Die tweedespan is op die oomblik baie goed geplaas in die liga en behoort hier as oorwinnaars uit die stryd te tree. Uit ses wedstryde wat reeds afgehandel is, het hierdie span vyf gewen. Hoewel die tweedespan die knie moes buig voor Goldfields (0—2), het hulle Proefplaas A (2—1), Proefplaas B (2—0), Strathvaal (1—0), Lichtenburg (5—0) en Normaal (2—0) onder die stof geloop.

Verdienstelike spelers in hierdie liga is die broers Verhoef en Johan Vorster. Veral laasgenoemde kan 'n puik speler in die voorlyn ontwikkel.



*Christie Coetzee*

### Proewe

Sewe spelers van die eerste span is uitgenooi om op 2 Junie aan die Wes-Transvaal-proewe te Lichtenburg deel te neem: Christie Coetzee (skakel), R. Stotesbury (heelagter), Matie Rossouw (heelagter), Jan Ras (skakel), Peet Aucamp (sneller), Jakkals Reinecke (vleuel) en Gert Snyman (sneller).

# EERSTE SPAN BUIG KNIE

*In 'n aanskoulike wedstryd het verlede jaar se ligakampioene, Strathvaal, die Puk Saterdag met 14 punte teenoor vyf geklop.*

Die Puk-spelers het van die begin af niks swakker as hulle teenstanders voorgekom nie, maar die vuur waarmee die Pukke gewoonlik speel, het ontbreek en hulle het die gulde geleenthede om punte aan te teken laat verbyglip.

Die lynstane en vaste skrums het baie gelykop verloop, maar die bal het baie min skoon uitgekom.

### Skoppe

Die wedstryd is veral gekenmerk deur kantlynskoppe en die vleuels het min van die bal te sien gekry. Die wedstryd kon egter veel aantrekliker verloop het as Strathvaal oop rugby wou speel.



*Koos Hattingh*



*Schalk Hoogenboezem*
*Foto: Fotokuns.*

Die Pukke, wat baie meer aangeval het as hulle opponente, het veral mooi bewegings van die lynstane af laat vlot, maar die afronding het ver te kort geskiet.

Koos Hattingh en De Wet Kruger het deurgaans hard gespook in die los en soos agterspelers rondgehardloop. Onder die agterspelers het Johan Aucamp sy plek goed volgestaan in sy eerste wedstryd en heelagter Schalk Hoogenboezem, wat aanvanklik baie misgetas het, het in die tweede helfte puik vertoon.

Johan Aucamp het die Puk se enigste drie aangeteken wat deur Hoogenboezem vervyf is.


**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A